




GEMEENTE-VISIE

Om dié gemeente te wees waar lidmate,
gedring deur die liefde van Christus, vir mekaar en ander omgee



GEBED VIR GESINNE

Aan U, o God, dra ek op alle Gesinne, veral enkelouergesinne..
Gee vir daardie pa's en/of ma's die wysheid en liefde
wat hulle vandag sal nodig hê.
Leer ons almal dat U ook 'n liefdevolle Ouer is
wat altyd sal help waar ons nie verder kan nie.
Vader, ek noem ook voor U vandag
almal wat hulle in 'n tweede huwelik bevind.
U weet hoe moeilik dit vir sulke huweliksmaats is
om die rol van nuwe liefdesmaat en ouer tegelyk te vertolk.
Bewaar hulle van jaloesie, verwyte en wrokkigheid.
Help hulle om saam 'n nuwe tuiste te skep.
Gee vir hulle elkeen geloof en hoop en liefde.
O goeie, Vader, ek bid vir kinders wie se lewe uitmekaarval
weens die dood van 'n ouer, of egskeiding, of verlatting,
deur armoede, wreedheid, verwaarlosing, molestering,
of doodgewone gebrek aan belangstelling.
Genees die diep wonde
waaroor kinders dikwels nie praat nie.
Gee hulle so 'n bewussyn van U liefde en sorg
dat hulle ten spyte van hul omstandighede
emosioneel en geestelik volwasse sal word.
O God van liefde,
wees U 'n Vader vir al hierdie kinders.
Carol Watson

PAASTYD



EREDIENSBEDIENING

Wat is Paasfees?

Paasfees is die viering van die opstanding van Christus uit die graf en van die oorwinning oor die bose. Dit is die sentrale en belangrikste fees van die Christendom. Soos Paulus sê: "... as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos ..." daarom is dit die mees vreugdevolle tyd in die kerklike jaar en die gedagtes van hoop en nuwe lewe figureer prominent. Reeds van die vroegste tye af het Christene hierdie gebeurtenis gevier. Die eerste Christene het op die eerste dag van die week bymekaar gekom om die opstanding van Christus te gedenk (Hand 20:7). Vanuit die viering van Jesus se opstanding het die hele tradisie van die kerklike jaar ontstaan en ontwikkel.

Wanneer vier ons Paasfees?

Ons vier Paasfees jaarliks op die eerste Sondag na die eerste volmaan en die herfs dag-en-nag ewening (gewoonlik op 21 Maart). Paasfees kan dus enige tyd gevier word vanaf 22 Maart tot en met 25 April. Die viering van Paasfees begin tradisioneel reeds teen sononder van Stil Saterdag. Die vroeë kerk het Paasfees met 'n Paaswaak gevier wat die hele nag geduur het. Vandag word hierdie ou tradisie voortgesit met 'n middernagdiens in sommige gemeentes. 'n Meer moderne neiging is om Paasfees te vier met sonsopkoms die volgende dag. Die tyd tussen Paasfees en Pinkstersondag, 'n tydperk van 50 dae, staan bekend as Paastyd en neem dieselfde plek in die kerklike jaar in as wat die in die week inneem.

Kleure en simboliek in Paastyd

Die pers van lydenstyd, word met rooi vervang in die groot lydensweek, en met swart op Goeie Vrydag, word laastens met wit vervang, die kleur van oorwinning en reinheid. Die verandering in kleure simboliseer die feit dat ons skoon gewas word van sonde.

Een van die treffendste simbole in Paastyd is die blomme-kruis. Waar die kruis in Lydenstyd 'n prominente rol gespeel het en in of swart of pers gedrapeer was, is die verandering na 'n kruis wat met blomme oortrek word besonder aangrypend. Dit simboliseer nuwe lewe wat uit die kruisiging van Jesus ontspring. Die instrument van dood word nou die simbool van 'n nuwe begin!



Gebruike tydens Paastyd

'n Gewilde gebruik om Paasfees te vier is 'n gemeente-ontbyt vroeg die Sondagoggend. Vir baie wat tydens Lydenstyd gevas het, is dit die geleentheid waar hulle dit breek. Daarom is soetgoed nogal 'n besondere deel van hierdie ontbyt! 'n Verdere item op die spyskaart is hardgekookte eiers waarvan die dop rooi gekleur is. Wanneer die rooi dop afgehaal word en die wit van die eier te voorskyn kom, is dit simbolies van Jesus se bloed wat ons reinig van ons sonde.

Hiermee nooi ons u uit na ons Paasnaweekdienste:

Goeie Vrydag, 9 April	- 08:00 - Nagmaal
Opstandingsondag, 11 April	- 09:00 - Erediens
	- 18:30 - Paaslofprysingsdiens

GESINSBEDIENING



Saterdagoggend, 8 Maart 2004 was 'n nat en reënerige oggend en niemand was lus om half-nege by die kerk te wees nie; maar dit was die Gesinsbediening se *Manne-ontbyt*, - wat nou D.V. 'n jaarlikse instelling gaan word. Op

die keurig gedekte tafels in die saal was 'n gratis botteltjie water, tydskrif, skryfblokkie en 'n pen vir die manne. 'n Gesellige atmosfeer het geheers met agtergrond musiek, uitstallings en 'n hele saal gevul met manne – pa's, seuns, vriende. Die ontbyt is deur die spysenieringsbediening aangebied en was soos gewoonlik uit die boonste rakke, - baie dankie aan Elna en haar span, asook vir al die borge en skenkings.

Andries van Heerden van Family Life was die gasspreker het oor die tema "Pa & Man: God se plan" gepraat. Hy het ons weer laat dink oor die prioriteite in ons lewe. Eerstens oor my verhouding met God, dan met my vrou, my kinders en daarna al die ander dinge in ons lewe. Ons is ook daaraan herinner om "nuwe" gewoontes aan te kweek naamlik: genoeg kuiertyd saam met God, leer en oefen om jou vrou te laat ervaar dat jy haar regtig liefhet, en dat liefde vir kinders TYD spel. Spandeer liefde met kinders!

Net na 10 kon ons huis-toe gaan, verkwik na liggaam en siel!

Ons sien uit na volgende jaar se manne-ontbyt, en die volgende geleentheid wat aangebied word deur die Gesinsbediening: **DIE HUWELIKSFEES!!**

HUWELIKSFEES

BLAAS WEER DIE VUUR
VAN DIE **LIEFDE** AAN

SPREKER: DR FLORIS
So 18 – Wo 21 April 2004

Vind plaas by
NG-Gemeente Rietfontein-Suid
h v Ben Swartstr en 16de Laan

Almal is welkom!
Geen koste – Slegs donasies

PROGRAM

18 April 09h00 **Die roepstem van my hart**

18 April 18h30 **God se model vir geluk in die huwelik**

19 April 19h00 **Soms wil ek jou vermorsel**

20 April 19h00 **Woorde wat lewe gee**

21 April 19h00 **Blaas die vuur van die liefde aan (Uitleg van Hooglied)**

Navrae: Gert & Carine 330-1551 / 082 410-0578
Peet & Tertia 331-0952




Daar sal kinderoppassers wees

Gesoeek



Gemeentelede om by huisbesoeke aan siekes betrokke te raak. Opleiding sal verskaf word. Belangstellendes kan Pierre Malan kontak by 331 3119

Onthou asb. om koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand te bring. Baie dankie vir u ondersteuning.



FONDSEBEDIENING

PADKAFEE – VRYDAG, 30 April

Fondsebediening nooi u uit om vanaf 17:30 u aandete by die kerk te kom koop. Die spyskaart sal in afkondigings geplaas word. Daar sal 'n beperkte hoeveelheid wees (nie vooraf bestelling) – u moet dus vroeg kan koop. Navrae: Hantie Spies (331 2122)

KERK SE BANKBESONDERHEDE

Vir persone wat enige inbetalings in die kerkrekening wil doen (of aftrekorder wil reël)

Bank - ABSA

Tak - Ben Swart

Takkode - 334 645

Naam - NG Gemeente Rietfontein-Suid

Rek nr. - 090197797

Vir die Jonger Garde



Twee jaar gelede het die volgende opskrif in Die Rietfluit verskyn:

‘N BEKENDE BOODSKAP MET ‘N NUWE KLANK - evangelie in koeranttaal

met die volgende opskrifte:

*“God gaan ons bevry ” sê gewese balling
en*

ONTMOETING WAS ONTSTELLEND EN HEERLIK SÊ MOSES

Hierdie twee berigte uit Goosen het inhoud omsluit wat meer as 2000 jaar gelede geskryf is en in Oktober 1997 gelees is. Byna sewe jaar later bly die wonderlike boodskap op die draai van die eeu net so relevant op die twintigste eeuse mens. Indien die opspraakwekkende gebeure vandag sou plaasvind sou die koerantopskrifte soos volg gelyk het; die boodskap en inslag in menseharte bly egter steeds van ewigheidswaarde. Indien ons die volgende vandag in die koerant sou lees, sou die mensdom die gebeure maar net weer toeskryf aan die mag van die natuur - soos ‘n aardbewing in Turkye en vloede in Amerika Wat sou jou reaksie gewees het so 2000 jaar gelede? Bespreek hierdie aspekte met jou mede jong Christen vriende en hoor wat hulle sê!



Vir die Penniefluitjies

Onthou julle nog vir Bert Bewer?????

Bert Bewer het amper vyf jaar gelede al by die Reklamehuis ingetrek, maar het baie baie lanklaas van hom laat hoor. Net om julle te herinner wie Bert is : *Bert is die leier van die bewergemeenskap wat rivier- en damhuise bou en graag ander help dat oorstromings nie hulle lewe in gevaar stel nie. Bert wil altyd as werktuig in die Hand van die Here gebruik word, daarom werk hy hard om sy familie te versorg en deur sy voorbeeld ander na Jesus te lei.*

Bert het vir baie lank in London gebly, maar het laat weet dat hy terugkom want dis te koud en nat in London.



Hierdie posman het vir ons ‘n briefie van Bert saamgebring :

Liewe Rietfontein-Suid Maatjies


Dit was so goed om te hoor van die kinder- en kleuterkerk, Riekies en Bybelbende – sjoe, ek was so bly daarvoor dat ek dit vir almal vertel het. Die klein bewers van ons gemeenskap wil ook nou ‘n Bybelbende hê en het gevra ek moet vir hulle ‘n eie houthuis help bou, spesiaal vir hulle byeenkomste. Wil julle my nie help nie asseblief? Jong ek sit nou eintlik in die probleme want ek weet nie wat julle alles by die Bybelbende doen nie. O, ek weet ek vra ‘n goor guns – maar sal julle vir my skryf en vertel wat julle alles doen – groot asseblief!

Ja, en nog ‘n guns... teken asb vir my hoe julle dink die bewerhuis moet lyk.

Gooi asb al die briefies in die huisie posbus wat in die kerkportaal is:

Aan: Bert Bewer

Rietfluit Redaksiehuis, Boom 3, Tak 4, Rietfonteinspruit



My gebed vir elke maatjie is soos volg:

*Heer, gebruik my om vrede te saai
Laat my liefde aan almal duidelik wees;
Mag my geloof ander motiveer
en vreugde bring waar mense hartseer is.*

*Here Jesus, maak my sterk genoeg om ander
te kan troos en te help waar hulle my nodig het;
Laat ek eerder gee as om self te ontvang en
vergewe soos U vergewe.
Laat ek waarlik U kind wees!! Dankie Jesus! Amen*

Liefde

Bert Bewer

NS Ek sal volgende keer 'n Bewerfamilie foto vir julle stuur. Ek sien uit na julle briefies

Waraan laat hierdie prentjies jou dink? Probeer 'n storiëtjie oor die prentjies skryf en onthou dis Paasfeestyd!!

